Verken Golden Gate se klowe

Mense wat lief is vir stap, kan uitsien na 'n nuwe avontuur wanneer die Golden Gate Highlands-staproete later vanjaar in die Oos-Vrystaat open.

Stappers het onlangs die eerste deel van 'n nuwe staproete in die Golden Gate- Nasionale Park gaan stap. Foto's: LIENTJIE MENTZ

LIENTJIE MENTZ
@LientjieM

'N Groepie stappers van stapklubs in Gauteng, die Vrystaat en KwaZulu-Natal het verlede maand die geleentheid gehad om sowat 10 km van 'n nuwe roete se eerste dag te stap.

Die roete is die afgelope paar maande uitgelê en beveilig deur Albert Bossert, projekbestuurder van die Voetslaanorganisasie van Suider-Afrika. Geld vir die nuwe roete is ingesamel deur die Ereveldwagters van die Vrystaat en KwaZulu-Natal.

Daar is talle dagstaproetes by Golden Gate, asook die bekende en uitdagende Klipspringer-tweedagroete.

Albert gee met die nuwe roete aan voetslaners toegang tot voorheen onbekende klowe en watervalle.

Die plan is dat stappers by die Ribbokhut oorslaap en met die hut as basis die twee dae onderskeidelik met dagstaprugsakke stap. Die oornagplek kan egter nog verander sodra die hele roete gefinaliseer is.



'n Eland-spoor dui die staproete aan.

Die groep toetsstappers het die oggend begin stap by die Wilgehofsentrum in Golden Gate, verby die begraafplaas en oor die Klein-Caledonrivier. Hier het hulle die eerste keer te doen gekry met die eerste van talle nuwe brûe en lere wat Albert en sy span op die roete opgerig het.

Van hier loop die roete oor die teerpad teen 'n pragtige kloof op.

Die laaste ent van dié voetpad is vir stappers stewig gemaak met lere teen Surprize-waterval op.

Indien die stappers wel by die Ribbokhut oornag, sal die roete deur die kloof na Surprize-waterval aan die einde van die eerste dag gestap word.

Ons het nie al die pad tot by die Ribbokhut gestap nie, maar by die roete aangesluit soos wat 'n mens dit aan die begin van Dag 1 sou stap: Teen die berg af, oor die teerpad en aangesluit by die roete deur Eland-vlakte.

Van hier lei die roete deur nog 'n pragtige kloof met talle watervalle, soos die Koena-waterval en die Golden Gate-waterval.

Een van die lekker uitdagings is die Squeeze wat stappers oor talle bruggies deur 'n nou kliprafyn oor 'n stroom neem voordat jy die reuseholkrans by die Half Maybern Circle bereik.

Albert Bossert het die roete uitgelê.

Van hier klim stappers die kloof uit en gaan met 'n bruggie tot aan die oorkantste berg, bo-oor, voordat daar met 'n sig-sag-pad weer afgedaal word tot vlakby Wilgehof.

Die plan is dat die tweede dag van die roete na die pragtige Cathedral-waterval sal lei, waarheen 'n gids stappers sal moet vergesel.

Die nuwe Golden Gate-staproete gaan beslis 'n groot aanwins wees vir stappers wat 'n bietjie meer tyd in dié SANParke-park van oor die 11 600 hektaar wil deurbring.

Dit sal stappers ook 'n beter geleentheid bied om van die wild in die park, soos elande, die wildekalkoen, die oribie en die lammergeier, van nader te sien.

Die Golden Gate-waterval is een van vele op die roete.

Koos Vorster van die KwaZulu-Natalse Ereveldwagters pak die lang reeks lere aan.

MERKE, GEREED, VAAR

Jou prys is veilig by ons – ons hou die wisselkoers stewig vas

WATERTIGHT DEAL

Kroasië, Montenegro & Griekeland Vlugte + 7 nagte

op *Costa Mediterranea*
Vertrek uit Venesië, 28 Oktober 2016.
HOOGTEPUNTE Trieste, Split, Kotor, Katakolon, Corfu, Dubrovnik en Venesië.
MET 24 uur-eet- en kamerdiens en hawebelasting.

VOEG BY Drankiepakkette vanaf R3580 per persoon.

Binnekajuit vanaf R15999*
See-uitsig vanaf R17999*

ID:415204

Costa

Italië, Kroasië, Turkye & Griekeland
7 nagte

op *Vision of the Seas*®
Vertrek uit Venesië, 11 Julie 2016.
HOOGTEPUNTE Dubrovnik, Efese, Santorini, Katakolon en Venesië.

ID:3921803 *Buitekajuit vanaf* R13820*

Noordelike Europa
7 nagte

op *MSC Opera*
Vertrek uit Kopenhagen, 27 Augustus 2016.
HOOGTEPUNTE Warnemunde, Bergen, Hellesylt, Olden en Kopenhagen.

VOEG BY Vlugte en 1 nag se verblyf vanaf R10100 per persoon.

ID:4007029 *Binnekajuit vanaf* R15720*

Oostelike Mediterreense Streek
7 nagte

op *Jewel of the Seas*®
Vertrek uit Rome, 21 Augustus 2016.
HOOGTEPUNTE Santorini, Kusadasi, Athene, Chania en Rome.

ID:4009109 *Buitekajuit vanaf* R15980*

24/7 call assist · Much more than cruising · True cruise expertise · Price Match®

cruiseaboutRSA · CruiseaboutSA

cruiseabout. The Cruising Specialists

Skakel vandag! 0877 40 5065
cruiseabout.co.za

Vaarpryse is in Suid-Afrikaanse rand, per persoon oor dieel en is onderworpe aan beperkte beskikbaarheid. Enige besparings is reeds ingesluit in gepubliseerde pryse. Besonderhede en bykomende voorwaardes is by alle bekende kantore en op cruiseabout.co.za beskikbaar. Pryse verskil na gelang van die kajuitkategorie en is onderworpe aan verandering sonder die nodige kennisgewing. Slegs kajuitkategorie en -nommer word gegarandeer. Enige ander voorkeure (bv. ligging, vloer ens.) word slegs oorweeg en is onderworpe aan beskikbaarheidsbasis by die inskrywing. Pryse sluit nie vlugtaksse in nie, tensy anders vermeld. Vlugtaksse, insluitend brandstofheffings, is onderhewig aan verandering sonder kennisgewing. Pryse vir vlugte en vlugverblyf is per persoon, deel dieselfde dienslyn en gaan slegs vir selfstandige reisbesprekings. Enige ander vermeld. Prys is bereik met dieselfde is. 12 Mei 2016 en is onderhewig aan beskikbaarheid. Kinderkorting is onderhewig aan beperkte beskikbaarheid. Kinders word gedefinieer as persone onder die ouderdom van 18 jaar